# HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 9

VRAESTEL EEN

NOVEMBER 2019

PUNTE: 120

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | BEGRIPSTOETSE | (40) |
| AFDELING B: | TAALWERK | (80) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

*STERKTE!!!*

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: TEKS A - ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel noukeurig deur en beantwoord AL die vrae.

HIER IS "TSITSI & KAMMA"

Hy vryf oor die grys stoppelbaard aan sy ken terwyl hy hom verkyk aan die twee babalyfies, elk in hul eie broeikas. "Kyk net hoe klein; hulle is so pienk soos varkies," sê Ian Roberts ingenome. Die akteur het weer pa geword - en dit van 'n tweeling op die ouderdom van 67. "Sommer met die eerste probeerslag," sê hy en probeer 'n glimlag wegsteek hier in die hospitaal van die Medi-Clinic in Nelspruit. Die ma van sy laatlammetjies, Franscoisnette le Roux, is op 36 'n volle 31 jaar jonger as hy, maar dit is asof hulle nog al die jare vir mekaar bestem was. En hier is hulle kroos nou: 'n seuntjie en dogtertjie, piepklein en perfek. Klein Ian-Keith dra sy bekende pa se volle name en het 2,2 kg geweeg met sy geboorte 'n paar dae tevore. Fyn blonde haartjies bedek sy lyfie en hy maak klein kreungeluidjies toe sy ma hom hier in die hospitaalkamer optel om te drink. Baba Lynn-Sophie is na Ian se ouma Lynn en Francoisnette se ouma Sophie vernoem.

In die broeikas waar sy met pype en monitors aan haar gekoppel lê, gaap sy. Dan strek sy haar tandestokkiearmpies tot bo haar kop uit. Sy het maar 1,5 kg by geboorte geweeg en is nog nie gereed om huis toe te gaan nie, want sy sukkel nog om te drink.

Hulle dra groot doopname, maar Pa Ian het reeds vir hulle byname gegee: Hy noem Ian-Keith "Kamma" en Lynn-Sophie "Tsitsi", want hulle is langs die see tydens 'n vakansie in die Tsitsikamma-woud in die Oos-Kaap verwek, verklap Ian.

Maar moenie dink dit was 'n glips nie. "Ons het hulle beplan," sê Franscoisnette, 'n haarkapper van Lydenburg in Mpumalanga en die afgelope vier jaar die vrou in Ian se lewe. "Dit was nou wel nie beplan dat hulle twee is nie, maar there you go," voeg sy by en sy en Ian bars uit van die lag. Dis hoe hulle die struikelblokke in hul verhouding hanteer, sê Ian: lag-lag.

Hulle kwel hulle nie oor die toekoms of oor dinge soos die geelsug waarvoor die tweeling nou met blou ligte in die broeikaste behandel word nie. Of oor die feit dat hulle nou vir die eerste keer in hul verhouding gaan saamwoon nie - en dit as 'n ouerpaar met 'n kitsgesin. "Nee wat," sê Ian gelate, "ons vat dit dag vir dag." Op

'n ouderdom dat sy tydgenote vir hul kleinkinders stories lees, is Ian oorgehaal vir doeke ruil en die pajamadril, al het hy dit meer as 'n kwarteeu laas gedoen.

Sy twee kinders uit sy huwelik met die aktrise, Michelle Botes, Cara en Daniël, is onderskeidelik 29 en 26 jaar oud. Hy en Michelle, wat in die laat 1980's en vroeë 90's saamgespeel het in die TV-reeks, Arende, is in 1999 geskei.

Ian en Franscionette het vyf jaar gelede by 'n kunstefees op Lydenburg ontmoet toe sy musiekgroep, Radio Kalahari Orkes, daar opgetree het, maar hul liefdesverhaal het vir haar al vroeër begin - toe Ian as die boer en banneling, Sloet Steenkamp, te sien was in "Arende", wat gehandel het oor Sloet se ervarings tydens die Anglo-Boeroorlog, sy tronkstraf op die eiland, Sint Helena, en die Dorslandtrek. Franscoisnette was nog 'n skoolmeisie toe dit uitgesaai is. Ek was agt toe ek Ian in Arende sien en my ma roep. Ek het gesê: "Mamma, ek gaan met daai oom trou."

Haar ma het gelag, min wetend dat haar dogter jare later inderdaad die akteur se aandag sou trek en dat sy hart eindelik aan haar sou behoort.

*Aangepas en verwerk uit Huisgenoot, 12 September 2019*

<u>VRAE</u>:

1.1 KIES DIE KORREKTE ANTWOORD. SKRYF NET DIE NOMMER EN LETTER NEER.

In paragraaf een: "hulle is so pienk soos varkies", is 'n voorbeeld van 'n:

A. Versamelnaam

B. Vergelyking

C. Voegwoord

D. Verkleinwoord (1)

1.2 Haal uit die teks aan om te motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Franscoisnette le Roux en Ian Roberts is dieselfde ouderdom. (1)

1.3 Gee die naam van die hospitaal waar die tweeling gebore is. (1)

1.4 Na wie is Ian se seuntjie en dogtertjie vernoem? (2)

1.5 Gee die byname wat Ian vir sy tweeling gegee het? (1)

1.6 Wat is Franscoisnette se beroep? (1)

1.7 Kies uit Kolom B die woorde wat by Kolom A pas. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer, bv. 1.7.1 - A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Gebore na baie jare | A weeg 2,2 kg. |
| 1.7.2 Franscoinette | B weeg 1,5 kg. |
| 1.7.3 Klein Ian-Keith | C Lydenburg |
| | D laatlammetjie |

(3)

1.8 Gee die name en ouderdomme van Ian se kinders uit sy vorige huwelik. (2)

1.9 In watter TV-reeks het Ian en sy gewese vrou, Michelle, opgetree? (1)

1.10 Kies drie dinge uit die woordblok wat verduidelik waaroor die TV-reeks in 1.9 gehandel het en skryf dit neer.

| |
|---|
| Liefde, Anglo-Boereoorlog, Vrede, Tronkstraf, Plase, Dorslandtrek, Flieks. |

(3)

1.11 Wat het Franscoinette in die tyd van die TV-reeks gedoen? (1)

1.12 Wat was haar gevoelens toe sy Ian in die TV-reeks gesien het?

Haal 'n sin aan as antwoord. (1)

1.13 Wat was haar ma se reaksie? (1)

1.14 Wat is die naam van Ian se musiekgroep? (1)

[20]

VRAAG TWEE: TEKS B - ADVERTENSIE.

Lees die volgende advertensie noukeurig deur en beantwoord AL die vrae.




2.1 Waarom is die restaurant "Die Eike" genoem? (1)

2.2 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal twee woorde uit die teks aan om dit te motiveer.

Die restaurant is nie geskik vir kinders nie. (2)

2.3 Wat is hulle webtuiste as jy inligting oor die restaurant wil hê? (1)

2.4 Gee een rede waarom dit maklik is om die restaurant te vind. (1)

2.5 Waar kan jy eerste hoor van al die promosies? (1)

2.6 Op watter dae is hulle oop tot laat in die nag? (1)

2.7 Watter produkte verkoop hulle? (1)


2.8 Wat sal jy in die buitelug by Die Eike vind? (1)

2.9 Haal 'n bewys uit die advertensie dat jy ook by hierdie plek kan oorslaap. (1)

[10]

VRAAG DRIE: TEKS 3 - STATISTIEKE:

Bestudeer die volgende statistieke oor onderwysers wat ook op skool geboelie is en beantwoord die vrae wat volg.




VRAE:

3.1 Gee die twee mense wat onnies gevra het oor boeliery, se name. (2)

3.2 By watter universiteit werk hierdie twee mense? (1)

3.3 Hoeveel onnies is oor boeliery uitgevra? (1)

3.4 Noem enige twee provinsies waar hulle onnies uitgevra het. (2)

3.5 Watter persentasie van onnies het gevoel dat hulle professionele status ondermyn is? (1)

3.6 Watter presentasie van onnies se persoonlike besittings is beskadig? (1)

3.7 Hoeveel onnies het geïsoleerd gevoel as gevolg van die gedrag wat hulle ervaar het? (1)

3.8 Wat het 11,7 persent onnies ervaar? (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: [40]

## AFDELING B: TAALWERK

### SINSTRUKTURE:

Die volgende taalvrae is op die prentjies gebaseer. Beantwoord al die vrae.



1. SKRYF DIE VOLGENDE SINNE IN DIE KORREKTE WOORDORDE OOR:

1.1 Die swemmers (soggens, in die meer, oefen). (1)

1.2 Die tennisspeler (besef, dat, onmidddellik, sy teenstander, het, swakhede). (1)

1.3 Die skeidsregter (onregverdig, teenoor Ronaldo, daardie dag, in Spanje, was). (1)

[3]

2. SKRYF DIE VOLGENDE SINNE IN DIE VERLEDE TYD OOR.

2.1 Sportmanskap is baie goed vir jong atlete. (1)

2.2 Die boogskieters sit en huil oor hulle verlies. (1)

2.3 Die atlete wil die kompetisie wen. (1)

2.4 Die gewigoptel het baie aanhangers. (1)

2.5 Die senuweeagtige meisie sit en loop voor die tafeltennistoernooi. (1)

2.6 Die toeskouers skree vir die yshokkiespelers. (1)

[6]

3. SKRYF DIE VOLGENDE SINNE IN DIE TOEKOMENDE TYD OOR.

3.1 Die kanovaartreis is baie opwindend. (1)

3.2 Die gholfspeler het 'n ernstige besering. (1)

3.3 Die seuntjie rolskaats in die stadion. (1)

3.4 Die rugbyspelers vang en gooi die bal. (1)

[4]

4. VERBIND DIE SINNE MET DIE VOEGWOORDE TUSSEN HAKIES.

4.1 Brian Lara is een van die beste krieketspelers ooit. Ek is 'n aanhanger van Virat Kohli. (maar) (1)

4.2 Perdry is baie vervelig. Mense dink net aan die geld. (aangesien) (1)

4.3 Visvang is nie baie gewild nie. Daar is min leerlinge in die klub. (dus) (1)

[3]

5. SKRYF DIE VOLGENDE SINNE IN DIE ONTKENNING OOR.

5.1 Daar is nog vyf minute voordat die wedstryd eindig. (1)


5.2 Die vlugbalspeler het iets oor die ander speler gesê. (1)

5.3 Die bofbalspelers het êrens geoefen. (1)

5.4 Iemand het die verloorders geterg. (1)

5.5 Die leerders kyk na die figuurskaats. (1)

[5]



6. SKRYF DIE VOLGENDE SINNE IN DIE LYDENDE VORM OOR.

6.1 Ma sal die hamburgers by die huis voorberei. (1)

6.2 Pa koop die groente by die mark. (1)

6.3 Die kinders het die heerlike pastei geëet. (1)

6.4 Boetie het die slaptjips geniet. (1)

[4]

7. SKRYF DIE VOLGENDE SINNE IN DIE INDIREKTE REDE OOR.

7.1 My neef vra: "Is daar kaas in die burger?" (1)

7.2 Die buurvrou sê: "Ek het die slaai gemaak." (1)

7.3 Ouma sê: "Die sous kom van Frankryk af." (1)

[3]

8. SKRYF DIE VOLGENDE SINNE OOR DEUR AL DIE LEES-EN SKRYFTEKENS IN TE VUL.

8.1 hy se ek is baie lus vir konfyt grondboontjies kropslaai (1)

8.2 die jong meisie vra is dit maklik om gebraaide hoender te maak (1)

8.3 hulle het al die kos geeet (1)

[3]

9. KOMMUNIKASIE

9.1 Wens jou maat geluk met sy/haar verjaardag. (1)

9.2 Vra die tyd. (1)

9.3 Jou maat se ouma is oorlede. Simpatiseer met hom/haar. (1)

[3]

[34]

<u>WOORDSTRUKTURE</u>:



10. VUL DIE ONTBREKENDE VOORNAAMWOORD IN. SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.

10.1 Jy moet ... vriende help. (1)

10.2 Hulle het ... vriende ondersteun. (1)

10.3 Ek is lief vir ... vriende. (1)

[3]

11. VUL DIE ONTBREKENDE VOORSETSELS IN. SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.

11.1 Timothy is verlief ... Nadia. (1)

11.2 Die seuns ry ... fiets skool toe. (1)

11.3 Hulle skool begin ... halfagt. (1)

11.4 Die rugbyspelers loop ... voet na die veld. (1)

[4]

12. GEE DIE INTENSIEWE VORM VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES. SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.

12.1 Die tieners se klere is (baie goedkoop). (1)

12.2 Een van die seuns se hemde is (baie geel). (1)

12.3 Hulle skool is (baie beroemd). (1)

12.4 Sommige van die tieners is (baie verlief) op mekaar. (1)

[4]

13. GEE DIE VERKLEININGSVORM VAN DIE WOORDE TUSSEN HAKIES. SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.

13.1 Die hoofmeisie het 'n klein (blom) op haar rok. (1)

13.2 Die boekwurm in die klas dra baie boeke in haar klein (hand). (1)

13.3 Een van die atlete het 'n klein (oog), want hy het dit gestamp. (1)

[3]

14. GEE DIE MEERVOUD VAN DIE WOORDE TUSSEN HAKIES. SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.

14.1 Daar is baie (dag) wat hulle altyd geniet. (1)

14.2 Een van die tieners se stiefma het baie (kleinkind). (1)

14.3 Hulle sien uit na baie (naweek). (1)

[3]

15. VOLTOOI DIE VOLGENDE VERGELYKINGS. SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.

15.1 Baie leerders is so lui soos 'n ... (1)

15.2 Daar is ook leerders wat so dom soos 'n ... is. (1)

15.3 Een seun is altyd laat, want hy slaap soos 'n ... (1)

15.4 Daar sal altyd leerders wees wat so goed soos ... is. (1)

[4]

16. GEE DIE KORREKTE AFKORTING VAN DIE VOLGENDE WOORDE. SKRYF NET DIE NOMMER EN ANTWOORD NEER.

16.1 Met ander woorde (1)

16.2 Blaai om (1)

16.3 Straat (1)

[3]

17. VERTAAL DIE VOLGENDE SPORTSOORTE IN AFRIKAANS. SKRYF NET DIE NOMMER EN ANTWOORD NEER.

17.1 bungee jumping (1)

17.2 wrestling (1)

[2]

18. VERTAAL DIE VOLGENDE WOORDE IN ENGELS. SKRYF NET DIE NOMMER EN ANTWOORD NEER.

18.1 Wie se (1)

18.2 Hoe laat (1)

[2]

19. GEE DIE TEENOORGESTELDE GESLAG VAN DIE WOORDE IN HAKIES. SKRYF NET DIE NOMMER EN ANTWOORD NEER.

19.1 Die huilende meisie se (kêrel) het haar verlaat. (1)

19.2 Een van hulle onderwyseresse is 'n (oujongnooi). (1)

19.3 Clara se pa is 'n (weduwee). (1)

19.4 Daniel werk as 'n (kelner) gedurende die naweke. (1)

[4]

20. SKRYF DIE TYD OOR IN WOORDE. SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.

20.1 6.00 (1)

20.2 6.30 (1)

20.3 6.15 (1)

20.4 nm. (1)

[4]

21. SKRYF DIE VOLGENDE GETALLE IN WOORDE OOR. SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.

21.1 14 (1)

21.2 4 (1)

21.3 200 (1)

21.4 2016 (1)


[4]

22. VOLTOOI DIE VOLGENDE KOLOM. SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.

| VOLKE/ MENSE | LANDE | TALE EN PRAAT |
|---|---|---|
| 22.1 | Duitsland | Duits |
| Franse | 22.2 | Frans |
| Portugese | Portugal | 22.3 |

(3)

23. VUL DIE ONTBREKENDE RANGTELWOORDE IN DIE OOP SPASIES IN.
SKRYF NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER.



23.1 Die olifant staan ... in die ry. (1)

23.2 Die seekoei staan ... in die ry. (1)

21.3 Die kameelperd is ... in die ry. (1)

[3]

[46]

TOTAAL VIR AFDELING B: 80

GROOTTOTAAL: 120